# HOOFSTUK 1
# INLEIDING TOT STUDIE

## 1.1 INLEIDING EN AGTERGROND

Binne die werk van Seedat, Duncan en Lazarus (2001:2) word daar beweer dat daar ongeveer drie miljoen Suid-Afrikaanse kinders is wat dringend sielkundige en psigiatriese intervensie benodig om hul lewenskwaliteit te verbeter. Die grootste probleem is egter die tekort aan professionele, opgeleide terapeute en beraders in Suid-Afrika om hierdie behoefte aan te spreek. Die behoefte in Suid-Afrika is so groot dat daar dringend aan tegnieke gewerk moet word om hulpverlening aan die kinders te bied. In hierdie studie maak die navorser gebruik van ’n nuwe tegniek deur kleur en emosie met mekaar te assosieer. Hierdie tegniek kan die kind help met die uitdrukking van sy emosionele ervarings.

Daar sal vervolgens na emosie en kleur gekyk word, aangesien dit die essensie van die studie onderskryf.

### 1.1.1 Emosie

Die mens word as ’n emosionele wese gebore. Vanaf geboorte is verskeie emosies sigbaar, veral in gesigsuitdrukkings en gedrag, byvoorbeeld huil en lag. Die invloed van emosies op die mens se lewe is omvattend van aard. Emosies speel ’n prominente en belangrike rol in die mens se lewe, soveel so dat dit die fisieke gesondheid van ’n persoon kan beïnvloed. ’n Navorser het bevind dat die liggaam se immuniteitsisteem beïnvloed word deur die emosies wat die persoon ervaar (Izard, 1971:12).

In die hantering van emosie is die uitdrukking, oftewel die toepaslike uitdrukking daarvan, belangrik. Kinders, en veral jonger kinders, ervaar probleme met die uitdrukking van hul emosionele ervarings aangesien hulle nie altyd oor die nodige verbale vaardighede beskik nie (Ridgeway, Waters &

Kuczaj, 1985:905). Hierdie stelling word deur Oaklander (1978:122) ondersteun deurdat sy noem dat ’n kind ’n beperkte vermoë besit om sy emosies te kommunikeer. Navorsing deur Bretherton, Fritz, Zahn-Waxler en Ridgeway (1986:537) het getoon dat jong kinders ’n verrassende diversiteit en kompleksiteit van emosies kan ervaar, maar dat hulle sukkel met die verbale uitdrukking daarvan. Die oorsaak hiervan is meestal die tekort aan ’n uitgebreide woordeskat. Die uitdrukking van emosies, volgens die outeurs Shallcross en Sisk (1982:17), is noodsaaklik en gesond. Die verkeerde hantering van emosies kan nie net lei tot ongelukkigheid nie, maar dit kan ook inmeng met die liggaam se normale, gesonde funksionering (Shallcross & Sisk, 1982:17). Onderdrukte en ongeïdentifiseerde emosies kan fisiese versteurings of pyn veroorsaak. Juis om hierdie rede is dit van belang om metodes, anders as dié van verbale uitdrukking, te gebruik in die hantering van emosionele ervarings by jong kinders. Die navorser beoog om die kind by te staan met die uitdrukking van sy emosies deur gebruik te maak van kleur.

Emosies berus nie net op die psigiese nie, maar vorm ’n belangrike deel van die fisiese bestaan van die mens. Die individu word gebore as ’n denkende, doenende en voelende wese, tesame met die sintuie van sig, smaak, gehoor, reuk en gevoel (Parker, 1990:3). Die twee skrywers Shallcross en Sisk (1982:10) beskryf emosie as die affektiewe aspek van die bewussyn. Dit is ’n deels psigologiese en deels fisiese respons wat gekenmerk word deur plesier, pyn, aantrekking en afkeuring. Hierdie response kan soms oorgaan in aksie. Komplementêr tot die sintuie is die individu se unieke wyse waarop hy reageer op idees en insidente. Emosies vorm deel uit van hierdie unieke individuele response tot lewensgebeurtenisse. Volgens Parker (1990:3) bou die individu ’n versameling van verskillende emosies op soos hy ouer word. Hierdie emosies hou sterk verband met sy voorkeure en afkeure. ’n Pre-primêre kind het eens gesê: “I’m the only one who can tell how I feel”. Sowel verskeie outeurs wat geraadpleeg is in die studie, as die navorser, stem saam met hierdie stelling.

Die mens streef daarna om ’n emosioneel gesonde lewe te lei. ’n Individu se emosionele lewe kan beskryf word as die maniere waarop hy reageer op ’n

gevoelsvlak in ’n situasie (Shallcross & Sisk, 1982:23). ’n Emosioneel gesonde individu besit die vermoë om emosies uit te druk en ’n balans te handhaaf, deur nie emosies te onderdruk nie en ook nie toe te laat dat dit ongekontroleerd gedrag domineer nie. Volgens die Gestaltfilosofie streef die individu konstant na balans. Die balans kan gehandhaaf word as die individu bewus is van sy emosies (Thompson & Rudolph, 1996:141). Emosionele gesondheid vereis oefening. Hierdie oefening van emosies behels die kondisionering van die mees effektiewe response in gegewe situasies (Vander Goot, 1987:27). Volgens die bogenoemde outeur (1987:27) vereis emosionele gesondheid die ervaring en uitdrukking van ’n groot verskeidenheid van emosies. Vir die doeleindes van hierdie studie poog die navorser om vir die kind ’n bevredigende wyse daar te stel om sy emosies uit te druk. Die navorser maak gebruik van kleur as hulpmiddel vir die kind om sy emosies te identifiseer.

### 1.1.2 Kleur

Die mens maak gebruik van kleur om sy wêreld te organiseer en ’n diversiteit van aspekte te kategoriseer. Babas word in pienk of blou geklee as ’n aanduiding van hulle geslag. In die navorsing van Picariello, Greenberg en Pillemer (1990:1455) is bevind dat selfs voorskoolse kinders van kleur gebruik maak om ’n ander persoon se geslag te identifiseer, byvoorbeeld pienk vir meisies en blou vir seuns. Hulle verbind ook sekere stereotipiese houdings aan persone na aanleiding van die kleur wat hulle dra. Kleur word in die alledaagse lewe simbolies gebruik, byvoorbeeld as iemand sê hy beleef ’n “blou Maandag”. Volgens Smits (1967:45) is kleur nie essensieel vir die menslike bestaan nie, maar dit verleen ’n ryker dimensie daaraan.

Kinders besit die vermoë om tussen kleure te diskrimineer nog voordat hulle name daaraan kan koppel (Eng, 1957:24). Die betekenis wat aan ’n kleur gekoppel word, is nie rigied en onveranderbaar nie. Daar is verskeie karakteristieke van die individu wat die betrokke betekenis kan beïnvloed, naamlik die observeerder se kleurvoorkeur en die wyse waarop die kleur voorgelê word, in terme van die agtergrond en atmosfeer wat daaraan

gekoppel word (Smits, 1967:45). Die outeur beweer verder dat kleur ’n spesifieke simboliese betekenis het en daarom moet kultuur en tradisie in aanmerking geneem word met die studie daarvan. Simboliese betekenis is ’n relatiewe begrip en dit kan ook gekoppel word aan religie en politiek (Sharpe, 1976:33). Die simboliese betekenis van kleur word wêreldwyd in die nasionale vlae gedemonstreer. In die verwysing na die simboliese betekenis van kleur, moet daar ’n onderskeid getref word tussen die algemene en die individuele simboliese betekenis (Smits, 1967:46). Die gemeenskap bepaal die algemene betekenis, maar die individuele betekenis word bepaal deur die unieke ervaring van die individu met betrekking tot ’n spesifieke kleur. In hierdie studie word kleur as ’n hulpmiddel aangewend om die kind by te staan in emosionele uitdrukking.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Vanuit ’n proffesionele perspektief is dit duidelik dat die kind se vermoë om ’n assosiasie te vorm tussen emosie en kleur ’n belangrike veld is om na te vors. Die simboliek wat die kind aan ’n kleur toeken, kan help met die identifisering van ’n emosie. Die identifisering van ’n emosie kan die deur oopsluit tot terapeutiese intervensie. Vorige navorsing wat in hierdie veld gedoen is dui aan dat daar wel ’n verband bestaan tussen die individu se keuse van ’n kleur en die emosie wat hy ervaar (Du Preez, 1993:1).

Tydens die aanvang van die studie is kenners genader om die beplande temas van die studie te eksploreer, naamlik emosie, kleur en die assosiasie daarvan. Volgens de Vos (2002:337) is die onderhoudvoering met kundiges belangrik in kwalitatiewe navorsing, met die doel om temas vir navorsing te identifiseer ten einde ’n volledige literatuurstudie te verseker. Die literatuur wat beskikbaar is, is meer as tien jaar gelede gepubliseer.

Die persone is genader en ’n afspraak is gemaak. Die navorser het ’n ongestruktureerde onderhoud met elkeen gevoer.

Die volgende persone is genader:

- Selma Albasini: Grafiese ontwerper en skilder.
  Hierdie persoon is genader na aanleiding van haar praktiese ondervinding met kleur en die effek daarvan op die mens en meer spesifiek, die kind. Sy werk reeds vyftien jaar in hierdie veld.

- Geregistreerde voorligtingsielkundige*
  Die voorligtingsielkundige is gekies aangesien sy reeds vir nege jaar met die kind en sy emosies werk.

- Geregistreerde sielkundige*: Spesialiseer in kindersielkunde
  Hierdie sielkundige is gekies na aanleiding van haar ondervinding. Sy spesialiseer reeds meer as twintig jaar op die gebied van kindersielkunde en het ook al navorsing op die vyfjarige kind gedoen.

Die navorser het die kenners genader om die uitvoerbaarheid van die studie te ondersoek. Die inligting wat verkry is, is nie in die studie gebruik nie, maar het slegs gedien as agtergrond. Die inligting word volledig onder punt 1.6.2 bespreek.

* Die name van die voorligtingsielkundige en kindersielkundige kan nie bekend gemaak word nie, aangesien hulle verkies om anoniem te bly.

Die navorser het in die praktyk ervaar dat die assosiasie wat die kind vorm tussen kleur en emosie egter nie veralgemeen kan word nie. Juis daarom is dit belangrik om die unieke ervaring van die kind te ondersoek. Indien die terapeut bewus is van die individu se unieke assosiasie met kleur en emosie, kan kleur as ’n waardevolle hulpmiddel dien om emosie te identifiseer. Die identifisering van emosie bevorder die geleentheid tot terapeutiese intervensie en verhoog sodoende die kind se bewustheid van sy leefwêreld. Na aanleiding van die bogenoemde motivering, word die probleem vervolgens bespreek.

Die vyfjarige kind beskik nie oor die nodige woordeskat om sy emosies verbaal korrek uit te druk nie. Volgens Piaget is die verbale uitdrukking van

emosies gekoppel aan die kind se kognitiewe ontwikkelingsvlak (Louw, 1992:256). Juis om hierdie rede sal kleur as 'n projeksie van die kind se emosies aangewend word.

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die uitgangspunt van die studie is om die **individuele simboliese betekenis** tussen die belewing van **emosie** en die **kleur** wat die vyfjarige kind daaraan koppel, te ondersoek.

### 1.3.1 Doelstelling van die studie

Die doelstelling van hierdie studie is om die **benuttingswaarde** van kleur as **hulpmiddel** in die uitdrukking van emosies by die vyfjarige kind, te **ondersoek**.

### 1.3.2 Doelwitte van die studie

- Om 'n literatuurstudie te doen ten einde soveel as moontlik inligting te verkry oor emosies by die vyfjarige kind, kleur en Gestaltterapie.

- Om kleur as hulpmiddel, soos deur die navorser benut, te gebruik in die identifisering van emosies by die vyfjarige kind, ten einde die druk van die verbalisering van emosies te verminder.

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten einde ander persone in die professie toe te rus met die nodige inligting rakende die werk met die vyfjarige kind en sy emosies.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Wat is die benuttingswaarde van kleur as hulpmiddel in die uitdrukking van emosie by die vyfjarige kind? Wat is die individuele simboliese betekenis wat ’n vyfjarige kind vorm tussen emosie en kleur?

## 1.5 DEFINIëRING VAN KERNKONSEPTE

### 1.5.1 Emosie

Navorsers beskou die terme “gevoelens”, “affeksie” en “emosie” as sinoniem en daar kan nie konsensus bereik word oor ’n algemene definisie nie (Izard, 1971:6; Lewis & Michalson, 1983:15). Vir die doeleindes van hierdie studie sal ’n paar definisies bespreek word.

Emosie is die affektiewe aspek van die bewustheid en word gekenmerk deur ’n deels geestelike, deels fisiese respons, byvoorbeeld plesier of pyn (Shallcross & Sisk, 1982:1). Die outeurs beweer verder dat ’n individu se emosionele lewe beskryf kan word in die wyse waarop ’n persoon reageer op gevoelsvlak binne ’n spesifieke situasie, ’n gebeurtenis of teenoor ander persone.

Volgens Parker (1990:3) definieer emosies dié aspekte waarvan ons hou en die aspekte waaraan ons ’n afkeur het in die lewe.

Verskeie outeurs stem saam dat emosie ’n komplekse fenomeen is wat al die interaksie tussen die verskillende psigologiese sisteme in die liggaam saambind (Izard, 1971:8; Lewis & Michalson, 1983:15; Strongman, 1973:23). Die outeurs beweer verder dat ’n emosie meestal gepaardgaan met ’n aangename of onaangename ervaring. Hierdie emosionele ervaring kom oor die algemeen tot uitdrukking in die persoon se gedrag.

Emosie is ’n wesenlike reaksie op ’n stimulus wat minstens ’n kognitiewe komponent, ’n fisieke komponent en ’n gedrags- of uitdrukkingskomponent

behels (Louw & Edwards, 1993:486). Die outeurs Odendal, Schonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen (1985:202) is van mening dat emosie ’n gemoedstoestand soos vreugde, smart, vrees, woede, ontroering of ’n sterk gevoel verteenwoordig.

Die navorser is van mening dat emosies ’n innerlike sensasie is wat uniek binne die individu ontstaan na aanleiding van ’n stimulus.

### 1.5.2 Kleur

Kleur is die universele, internasionale taal rondom ons. Die natuur kommunikeer met ons deur middel van kleur (Kargere, ongedateer:37).

Kleur word beskou as die indruk wat op die oog gemaak word deurdat ’n voorwerp die lig wat daarop val, min of meer verspreid terugkaats, terwyl ’n deel van die lig geabsorbeer word (Odendal *et al*, 1985:568).

Die navorser beskou kleur as ’n ryk simbool wat aan die lewe en die ervarings wat daarmee saamgaan, betekenis verleen.

### 1.5.3 Gestaltterapie

Gestaltterapie ondersteun die holistiese mensbeskouing en fokus op direkte ervarings (Thompson & Rudolph, 1996:141). Binne die terapie word gepoog om die individu se bewustheid van die hier-en-nou op te skerp, met die uiteindelike doel van verantwoordelikheidneming en ’n gesonde lewensfunksionering. Die twee skrywers Thompson en Rudolph (1996:141) stipuleer ook dat hierdie terapie nie fokus op simptomes en analises nie, maar eerder op die totale bestaan en integrasie van die individu.

Gestaltterapie is ’n terapie wat op ’n gestruktureerde wyse die kliënt help om verhoogde bewustheid te ervaar rakende emosies en verhoudings (Nevid, Rathus & Greene, 1994:539).

Gestaltterapie, volgens die navorser se mening, is ’n direktiewe terapie met die doel dat die kliënt ’n verhoogde bewustheidsvlak sal beleef ten einde enige onvoltooidhede deur te werk. Vervolgens word twee van die kernkonsepte van Gestaltterapie bespreek.

#### 1.5.3.1 Bewustheid

Bewustheid is die proses waarin die individu sy denke, emosies, ervarings en gedrag erken. Hierdie proses is aaneenlopend waarin hy in kontak met homself bly (Corey, 1990:322).

Volgens Yontef (1993:144) is bewustheid ’n vorm van ervaring. Dit is die proses waardeur die individu in kontak is met die belangrikste gebeurtenis in sy omgewing van sensoriese, emosionele, kognitiewe en energieke ondersteuning.

Volgens die navorser is bewustheid die bewuswording en in voeling wees met die innerlike self.

#### 1.5.3.2 Hier-en-nou

Die hier-en-nou verwys na die hede. Gestaltterapie help die individu om kontak te maak met sy emosies en ervarings in die teenswoordige. Dit beteken egter nie dat die verlede onbelangrik geag word nie. Die verlede is belangrik in soverre dit verband hou met die individu se huidige funksionering (Corey, 1990:320).

Volgens die navorser verwys die hier-en-nou na die gevoelens, emosies, sensasies en aksies wat die individu op die gegewe oomblik beleef.

## 1.6 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

### 1.6.1 Literatuuroorsig

Bestaande navorsing oor die verband tussen emosie en kleur is beperk, beide in terme van die aantal navorsingstudies en in die veralgemeenbaarheid van die resultate van kinders wat nie van ’n Noord-Amerikaanse agtergrond afkomstig is nie. Die meeste van die bestaande navorsing is gedoen op kinders van ’n Noord-Amerikaanse agtergrond.

Beperkte navorsing is beskikbaar oor kinders se assosiasies met emosie en kleur. Die meeste van die studies kategoriseer die kinders se assosiasies. Die doel van hierdie studie is om weg te beweeg van hierdie kategorisering. Binne die Gestaltterapeutiese benadering word op die uniekheid van elke individu sterk gefokus. Hierdie siening word deur Smits (1967:48) ondersteun deurdat hy skryf dat die individuele simboliese betekenis wat aan ’n kleur gekoppel word, ontwikkel na aanleiding van die individu se unieke ervaring van die spesifieke kleur.

Die navorser het literatuur ingesamel aangaande emosie, kleur en die praktiese toepassing van Gestaltterapie. Literatuur is verder ingesamel ter verduideliking van die ontwikkelingstadium van die vyfjarige kind.

### 1.6.2 BYDRAES VAN KENNERS

- **Selma Albasini: Grafiese ontwerper en kunstenaar**

  Selma Albasini is van mening dat daar wel ’n verband bestaan tussen emosie en kleur, maar dat dit nie gestandaardiseer kan word nie. Sy noem die volgende voorbeeld van navorsing vanuit die industriële veld. ’n Maatskappy het produktiewe werkstyd verloor aangesien die werknemers te veel tyd in die badkamers spandeer het. Hulle het toe die badkamers swart geverf en die tyd wat die werknemers in die badkamers spandeer het, het met 75% afgeneem. Binne die industriële

veld word baie van kleur gebruik gemaak om 'n boodskap op 'n subtiele wyse oor te dra.

Selma stem saam dat kleur as 'n hulpmiddel kan dien in die werk met vyfjarige kinders. Uit ondervinding noem sy dat kinders baie vatbaar vir kleur is. Op 'n persoonlike vlak is sy baie lief vir kleur, wat ook te sien is in haar skilderye. Sy verkies so veel as moontlik kleur rondom haar, veral ook in haar nabye omgewing. Sy is lief vir warm kleure, want dit laat haar veilig voel; terwyl koel kleure haar energievlakke verhoog. Sy hou egter nie van pastel kleure nie, want dit laat haar dink aan besluitloosheid.

- **Geregistreerde voorligtingsielkundige**

Hierdie voorligtingsielkundige is van mening dat daar 'n assosiasie gevorm kan word tussen emosie en kleur. Sy beskou die Roscharch persoonlikheidstoets as 'n praktiese voorbeeld daarvan. Sy is verder van mening dat die individu se sintuie aan emosie gekoppel kan word en daarom as iemand 'n kleur waarneem, kan hy 'n emosie daarmee assosieer. Kleur word ook simbolies gebruik, byvoorbeeld rooi is die primêre kleur by die Spaanse bulgevegte.

Sy ondersteun die stelling dat kleur as 'n effektiewe hulpmiddel kan dien in die identifiseringsproses van emosies by die vyfjarige kind. Dit is egter belangrik om te kyk hoe die kind dit ervaar, sodat elke kind in sy eie realiteit erken word. Elke individu het 'n unieke ervaring met kleur, terwyl die samelewing sekere basiese betekenisse daaraan koppel. Hierdie betekenisse verskil egter van kultuur tot kultuur.

- **Geregistreerde sielkundige: Spesialiseer in kindersielkunde**

Hierdie sielkundige is van mening dat daar wel 'n assosiasie gevorm kan word tussen emosie en kleur. Sy noem ook dat dit vir kinders

maklik is om so ’n assosiasie te vorm. Betreffende die vyfjarige kind, met ’n beperkte woordeskat, het sy uit ondervinding bevind dat die kind die primêre emosies met die primêre kleure kan verbind.

Hierdie assosiasie wat die kind vorm is egter nie ’n konstante nie en verskil beslis van kind tot kind. Sy is verder van mening dat kulturele verskille gedeeltelik verantwoordelik is vir hierdie diversiteit. Sy stem ook saam dat die kind se kleurvoorkeur ’n belangrike rol kan speel in die kind se keuse van ’n kleur. Dieselfde kind assosieer gewoonlik ’n emosie met dieselfde kleur. Hierdie sielkundige vind dat die jonger kind baie die kleur rooi verkies en dat verskeie emosies daaraan verbind word.

Vanuit die menings van die betrokke persone met ervaring, maak die navorser die gevolgtrekking dat die kind ’n unieke emosionele assosiasie met ’n spesifieke kleur kan vorm. Die navorser is verder van mening dat kleur as hulpmiddel nie deur ouderdom beperk kan word nie. Kinders, sowel as volwassenes, kan emosionele response aan kleur koppel. Dit is egter belangrik om individuele verskille en die betrokke kultuur in ag te neem.

### 1.6.3 Identifisering van moontlike probleme

Vir die doeleindes van hierdie studie was dit moeilik om probleme te voorspel. Vorige navorsers het egter probleme ondervind indien die kind geassosieer het met ’n ander kleur as die basiese agt (Jolles, 1957:82). Om hierdie probleem uit te skakel, het die navorser twee kleure, naamlik pienk en wit, bygevoeg.

## 1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.7.1 Navorsingsbenadering

Hierdie studie is kwalitatief van aard. Volgens McLeod (2001:2) is die primêre doel van kwalitatiewe navorsing die ontwikkeling van begrip vir die

wyse waarop die individu sy wêreld konstrueer. Hierdie primêre doel gee aan die navorser die geleentheid om reeds bestaande konsepte te ondersoek en tot nuwe insigte te kom. Binne hierdie proses word die ervaring van elke persoon wat deelneem, in eie reg beskryf. Die beste wat gedoen kan word is om die waarheid te ontdek wat 'n verskil kan maak en deure kan oopmaak vir beter begrip.

Kwalitatiewe navorsingsmetodes word as die beste beskou vir navorsing om betekenisse van die sosiale lewe of gedrag te ondersoek. Hierdie navorsing lewer 'n bydrae tot die ontwikkeling van begrip vir die individuele waarde van terapeutiese intervensie (McLeod, 2001:3).

Hierdie studie is kwalitatief van aard aangesien die navorser 'n reeds bestaande konsep ondersoek. Die navorser het tot 'n nuwe insig gekom deur weg te beweeg vanaf enige veralgemening rakende die assosiasie tussen kleur en emosie. Die unieke proses van elke individu is in aanmerking geneem, ten einde 'n beter begrip te verseker.

### 1.7.2 Navorsingsontwerp

Hierdie studie is verkennend van aard. Hierdie navorsingsontwerp verskaf nie net 'n beskrywing nie, maar verduidelik 'n fenomeen. Dit poog om die begrip van die samelewing te verhoog (Bailey, 1978:113). Daar is verkennend nagevors vanuit 'n simboliese interaksionistiese perspektief. Hierdie perspektief plaas die fokus op die individu se sienings en interpretasies van sosiale realiteite (Haralambos, 1985:31). Die bogenoemde outeur voeg by dat, George Herbert Mead, een van die belangrikste figure van die simboliese interaksionisme, onderskryf dat die mens sosialiseer in terme van simbole. 'n Simbool is nie bloot net 'n voorwerp of 'n situasie nie, dit is beskrywend van aard en ontlok response. Simbole verleen betekenis aan voorwerpe en situasies. Die outeur Haralambos (1985:31) beweer verder dat interpersoonlike interaksie en sosialisering moontlik gemaak word deur simbole. Deur gebruik te maak van simbole, word daar betekenis gegee aan die mens se interaksie en sy sosiale lewe. Dit bevorder ook betekenisvolle

kommunikasie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die mens binne ’n wêreld van simbole leef wat sin en betekenis aan die lewe gee en ’n basis vorm vir interaksie.

Die navorser is van mening dat kleur as ’n simbool beskryf kan word. Deur verkennend na te vors, poog die navorser om die betekenis wat die kind aan kleur koppel, te ondersoek.

### 1.7.3 Navorsingsprosedure

Die navorser het van gevallestudies gebruik gemaak en die inligting is ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude. ’n Gevallestudie word volgens Creswell (in De Vos, 2002:275) beskou as ’n ondersoek of in-diepte analise binne ’n vasgestelde tyd. Die gevallestudies is hanteer vanuit ’n Gestaltterapeutiese benadering. Gestaltterapie se fokus rus op die gedagtes en emosies wat ’n persoon op die gegewe oomblik ervaar. Normale en gesonde gedrag is die gevolg daarvan dat individue as totale organismes reageer en handel (Thompson & Rudolph, 1996:141). Hierdie siening word verder ondersteun deurdat die Gestaltfilosofie na die individu in ’n optimistiese lig kyk. Gestaltterapeute glo dat die individu oor die vermoë beskik om selfregulerend te funksioneer en om eenheid en integrasie in sy lewe te bewerkstellig.

Semi-gestruktureerde onderhoude word gebruik om ’n gedetailleerde begrip van die persoon se perspektiewe rondom ’n spesifieke tema te ondersoek (De Vos, 2002:302). In ’n semi-gestruktureerde onderhoud moet die navorser ’n vooropgestelde aantal vrae besit, maar dit dien slegs as riglyn vir die verloop van die onderhoud en hoef nie rigied nagevolg te word nie.
Binne die werk van Thompson en Rudolph (1996:141) blyk dit dat Gestaltterapeute se primêre doel die opskerping van bewustheid in die hier-en-nou is. Dit help die individu om te groei, verantwoordelikheid vir sy eie lewe te aanvaar en om vanaf omgewingsondersteuning te beweeg na selfondersteuning.

Vervolgens word kleur as hulpmiddel, in kort bespreek.

#### 1.7.3.1 Semi-gestruktureerde onderhoudskedule: Kleur as hulpmiddel in die identifisering van emosie

Kleur as hulpmiddel is deur die navorser benut om die individuele simboliese betekenis wat 'n kind aan kleur koppel, te ondersoek. Die sekondêre doel is om die kind by te staan in die identifisering van emosie. Kleursirkels, wat die buitelyne van gesiggies voorstel, is gebruik. In die studie van Jolles (1957:82) is bevind dat kinders die volgende agt kleure verkies: swart, blou, pers, bruin, rooi, oranje, groen en geel. Die navorser het die kleure wit en pienk ook bygevoeg. Die doel van die hulpmiddel is vir die kind om die emosie wat hy in die hier-en-nou ervaar, met 'n kleur te verbind en self vir die kleursirkel 'n gesigsuitdrukking in te teken. Kleur as hulpmiddel word in hoofstuk 4 volledig bespreek.

### 1.7.4 Begrensing van die navorsing

#### 1.7.4.1 Universum

Die universum verwys na die omvattende klas waartoe verskynsels of gebeure, wat deur die wetenskaplike metode bestudeer word, behoort (Smit, 1985:177). Daar is dertig vyfjarige kinders in die pre-primêre skool, Babin, in Stellenbosch.

#### 1.7.4.2 Die navorsingspopulasie

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n nie-waarskynlikheidseleksie steekproeftrekking gedoen. 'n Doelgerigte steekproef is gebruik. Hierdie steekproef berus op die oordeel van die navorser, deurdat sy 'n steekproef van persone saamgestel het wat volgens haar oordeel die kenmerkende eienskappe van die betrokke populasie openbaar (Babbie, 1997:225). Die steekproef het bestaan uit vyf kinders van vyfjarige ouderdom en die onderstaande selekteringskriteria is gebruik om die kinders te identifiseer:

- Die kinders mag nie enige vorm van kleurblindheid ervaar nie.
- Die kinders se moedertaal moet Afrikaans wees.
- Die kinders moet binne die landdrosdistrik van Stellenbosch woonagtig wees.
- Die kinders moet vyf jaar oud wees.
- Die kinders moet leerlinge wees van die pre-primêre skool, Babin.

## 1.8 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Binne hierdie navorsingsverslag word die inleiding, probleemformulering, doel van die studie, die navorsingsvraag en die beskrywing van die kernkonsepte in hoofstuk een saamgevat. In hoofstuk twee en drie word literatuurstudies van onderskeidelik emosie, kleur, Gestaltterapie en die ontwikkelingsdinamika van die vyfjarige kind, bespreek. Die empiriese gegewens en navorsingsbevindinge word in hoofstuk vier behandel, terwyl die navorser die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk vyf bespreek.

## 1.9 SAMEVATTING

Hoofstuk een verskaf die nodige inleiding tot die studie. In hoofstuk twee word die kernkonsepte emosie, kleur en Gestaltterapie breedvoerig bespreek.